

## Groot planne vir perlemoenplaas

Artikel soos verskyn op 14 Maart 2011, Die Burger.

Deur Hennie Duvenhage

Abagold se drie perlemoenplase op Hermanus gaan in grootte verdubbel danksy 'n belegging van R52,5 miljoen deur die private-ekwiteitsbelegger Inspired Evolution.

Die belegging sal Abagold in staat stel om 'n vierde perlemoenplaas op te rig.



Die Abagold-perlemoenplaas op Hermanus. Die bestaande drie perlemoenplase is die donker dele tussen die oop stuk grond op die voorgrond en die see. Danksy 'n belegging van R52,5 miljoen sal Abagold 'n vierde perlemoenplaas kan oprig.

Dit sal nie alleen daartoe lei dat Abagold se jaarlikse opbrengs van meer as 220 ton perlemoen verdubbel nie, maar sal ook die getal werkers van 270 to 540 verdubbel. Die projek gaan ook elektrisiteit opwek en ontsoute seewater aan die omliggende gebiede beskikbaar stel.

“Die belegging van Inspired Evolution se Evolution One-ekwiteitsfonds gaan help om die perlemoen-spesie te red wat aan die uitsterf is as gevolg van stropery,” sê mnr. Christo du Plessis, uitvoerende hoof van Abagold.

Mnr. Michael Brooks, uitvoerende hoof van Inspired Evolution, sê daar is vir die beleggingsdoeleindes op Abagold besluit omdat die maatskappy 'n voorstander is van volhoubare akwa-kultuur en 'n lang pioniersgeskiedenis van perlemoenboerdery het.

Abagold is ook verbind tot omgewings- en maatskaplike verantwoordelikheid.

Du Plessis sê Abagold verstaan die kulturele belangrikheid van perlemoen en is daartoe verbind om op 'n verantwoordelike manier te groei deur innovasie en

wetenskap met die oog daarop om volhoubare rykdom vir werknemers en aandeelhouers te behaal.

Hy sê Evolution One se belegging sal Abagold se finansiële vermoë sodanig verbeter dat die maatskappy sy uitvoer-poging kan verhoog.

Tans word sowat 207 ton van die jaarlikse oes van 220 ton perlemoen hoofsaaklik na China en Japan uitgevoer.

Die belegging word deur 'n swart bemagtigingstrust gedoen in vennootskap met die Nywerheidsontwikkelings-korporasie en dit sal voorheen benadeelde Suid-Afrikaners bevoordeel.